


# Skryf vlymskerp sakeverslae

'n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

**Is jy verantwoordelik vir die opstel van verslae?** Vind uit hoe om belangrike inligting te identifiseer en op die essensie te fokus om verslae uit die boonste rakke saam te stel.

## Waarop fokus hierdie kursus?

Hierdie aanlyn kursus wat in Engels aangebied word, sal jou met die vaardigheid toerus om moderne sakeverslae te skryf. Jy sal die hoofdoel van 'n verslag kan identifiseer; met 'n stap-vir-stap-benadering sal jy jou inhoud strategies kan beplan en uiteensit; en jy sal die kundigheid hê om logiese dokumente te skep.

Die kursus sal jou help om:

- verskillende tipes verslae te verstaan en te besluit watter tipe jou doel die beste sal dien
- jou verslag en die verslagskryfproses te beplan
- inligting te kies en te orden
- formatering, selfrevisie en redigering tot voordeel van jou verslag te gebruik.

## Wie moet die kursus bywoon?

Indien jy gereeld oor sakebedrywighede moet rapporteer of sakeverslae moet saamstel en aanbied, is hierdie kursus vir jou! Hierdie is nie 'n intreevlakkursus nie en ervaring in verslagskryf word sterk aanbeveel.

**Stel jy belang? Klik op hierdie skakel** en voltooi die aanlyn vorm. Ons sal vir jou verdere instruksies stuur nadat ons jou vorm ontvang het.

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab

languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812

## Wat is die voorvereistes?

Jy sal 'n rekenaar en betroubare internetblaaier benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die regstreekse aanlyn sessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

## Waar en wanneer vind hierdie kursus plaas?

Ons kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen. Hierdie aanlyn kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline-teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

| | **Regstreekse aanlyn sessies** (10:00 tot 12:00) | **Openings- en sluitingsdatums** | **Inskrywings sluit** |
|---|---|---|---|
| **Aanbieding 1** | 1, 8, 15, 22 en 29 September, en 6 Oktober | 25 Augustus tot 20 Oktober | 11 Augustus |

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- een regstreekse aanlyn sessie per week van twee uur elk
- ± ses uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

## Wie is die aanbieder?

**Charmaine Eslick** is 'n gesoute onderwyser en dosent met meer as 40 jaar ondervinding. Sy is geduldig en akkommoderend – eienskappe wat 'n veilige ruimte help skep waar mense nuwe vaardighede kan bemeester. Haar humorsin maak dit lekker om in haar geselskap te wees, en haar ervaring in integrale afrigting (integral coaching) rus haar toe om 'n positiewe en ondersteunende leeromgewing te skep.



## Die kursusfooi is R6 800 per deelnemer.

- Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees.
- Die fooi sluit kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms in.
- Ons sal hierdie kursus net aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.
- Kortkursusdeelnemers ontvang nie toegang tot Universiteitfasiliteite soos rekenaarlaboratoriums of die biblioteek nie.